
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

# Die O.B.



*In die party-politiek is dit 'n persoon se welsprekendheid wat tel.*

*In die Ossewabrandwag is dit 'n persoon se bekwaamheid wat tel.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 21 OKTOBER 1942. No. 50.

## Skitterende Verjaardagviering in die Paarl van O.B.-Leiers

### Kaapland Lewer Meer as £6000 met Fondsdag op

**Die verjaardae van die Kommandant-generaal en Assistent-kommandant-generaal is verlede Vrydagaand, 16 Oktober, op indrukwekkende en geesdriftige wyse in die Paarlse stadsaal gevier. Treffende hulde is by die geleentheid aan die twee Ossewabrandwag-leiers gebring deur hoofgenl. dr. F. J. du Toit van Zyl, terwyl die opbrengs van Fondsdag in Kaapland per tjek deur genle. mev. J. S. du Toit aan die Kaaplandse leier onder openbaring van die grootste geesdrif oorhandig is.**

Onder gespeel van die O.B.-orkes (veldkt. S. J. Swanepoel) het die twee leiers die saal binnegekom in die flikkerende lig van fakkels waarna die twee ou Republikeinse vlae en die O.B.-vlag met begeleiding van die sing van die onderskeie volksliedere op plegtige wyse gehys is.

Genl. ds. Pienaar het voorgegaan in 'n kragtige en besielende gebed.

**Die wedstryd tussen groot gesinne het groot geesdrif veroorsaak en is gewen deur mnr. en mev. M. J. Slabbert van die Paarl wat met nege uit hul gesin van tien kinders op die vergadering teenwoordig was.** Die prys van die grootste gesin wat die beste in O.B.-drag geklead is, het gegaan aan mnr. en mev. Sias du Toit van Goudini met hul agt kinders.

**Onder donderende toejuiging het genle. Du Toit Kaapland se tjek van £6,248-5:1 aan genl. J. A. Smith oorhandig as die voorlopige bedrag wat deur die inspanning van 8 Augustus vir die O.B.-fonds byeengebring is.** 'n Aantal aansienlike bedrae is nog uitstaande sodat dit hoegenaamd nie die finale opbrengs van Kaapland verteenwoordig nie. Genle. Du Toit het ondeund gesinspeel op die geraamte wat so 'n groot bedrag kon opbring in sulke moeilike omstandighede. Die skilderye wat deur komdte. mev. Ferguson-Louw geskenk is, het £110-10-0 opgebring, terwyl £20 wat pondsgewyse uitgedeel is met die oog op vermeerdering £151-9-0 ingebring het.

#### HULDE

Hoofgenl. dr. Van Zyl het 'n boodskap van die voorsitter van die Grootraad, genl. ds. S. J. Stander voorgelees, en daarna hulde gebring aan die twee leiers. Aan die manne wat gevang en vervolg word, wil spr. die versekering gee dat hulle in die toekomsstaat deeglik sal ondervind dat die Ossewabrandwag-bloed dikker as watter beskou.

Met verwysing na genl. Smith het hoofgenl. Van Zyl beklemtoon dat hy veral ons volksgewete wakker geskud het teen die euwels van die ou bedeling en ons oog geopen het vir die etiese waardes waarvoor ons tans veg. Met sy kunstenaarsoog het hy die skone en edele in ons volk gesien en die idealisme daarvoor by die volk laat posvat.

Wat die Kommandant-generaal betref, is die oë van trou, hoop, verwagting en liefde op hom gerig, wat in hom sien die energieke en besielende leier wat weet watter koers sy volk wil gaan en behoort te gaan. Hy het die volksbeweging gelei tot selfstandigheid. **Op 'n tydstip toe sommige mense 'n houding ingeneem het wat sou veroorsaak dat daar tot die getal van ons buitelandse vyande bygevoeg sou word, was dit hy wat die vriendskap van sterk buitelandse moondhede vir ons volk bewaar het. Die gedagte van ware volkseenheid soos in 1938 geopenbaar was hy die getroue vertolker van. Voorheen het ons volk sy eenheid net in politieke partye gesien, maar die K.G. het met sy wekroep op Elsburg die grotere volkseenheid voorgehou, nl. die eenheid van oorsprong, taal** en godsdiens, maar bowe-al ook die eenheid van toekoms. Hierdie visioen het hy op die volk oorgeplant.

Hoofgenl. Van Zyl het ook hulde gebring aan die leiers se eggenote wat hul manne deur selfloosheid en opoffering steeds besiel tot volksdiens.

Die geskenke is deur hoofkomdt. Willie Marsh oorhandig, waarna die leiers aan die woord gestel is. Albei het hul eie swakheid beklemtoon met die oog op die groot verantwoordelikheid wat op hulle rus. **Genl. Smith het verklaar dat hy sy eie swakheid die meeste vrees, maar sy geloof in die albestierende hand van die Almagtige God wat hy in sy leeftyd op daadwerklike wyse ondervind het, gee hom die krag om voort te gaan en te volhard.**

**Dr. Van Rensburg het in die verband 'n beroep op die volk gedoen om hul voorbidding vir hom en die ander leiers met die oog op die groot verantwoordelikheid en die moeilikhede wat in die toekoms nog oorwin moet word.** Voor hy gepraat het, is hom Hou Koers toegesing deur 'n vrouekoor.

Die verslag van hul toesprake verskyn aanstaande week.

Die verrigtinge is gelei deur komdt. Andre du Toit.

## £100 VIR NOODHULPFONDS

**Hoofgenl. Jurgens Schoeman van Oudtshoorn het £100 aan die Noodhulpfonds belowe indien ander persone bereid is om tesame nog £2,000 te gee.**

**Met die oog op die vermeerderde vyandelike druk en grootskaalse gevangeneming van O.B.-lede in die jongste tyd, word dit gebiedend noodsaaklik dat ons ons Noodhulpfonds sterk ten einde die volste mate van sorg te verleen aan die agterblywendes van diegene wat nie terugdeins om hul plig vir volk en vaderland te doen nie. Die minste wat van ons wat nog buite die kampe is, verwag kan word, is om toe te sien dat daardie gesinne nie in ellende verkeer weens hul offervaardige volksliefde nie.**

## GEESDRIFTIGE VERGADERINGS IN VRYSTAAT

'n Reeks uiters geslaagde vergaderings is aan die einde van verlede maand deur die Assistent-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, in die Vrystaat toegespreek.

Op Fouriesburg en Bethlehem het die Party teenvergaderings georganiseer in 'n poging om die O.B.-vergaderings skipbreuk te laat ly.

Dit het egter net die teenoorgestelde uitwerking gehad en die krag van die Ossewabrandwag duidelik onderstreep. Op Fouriesburg het genl. Smith 'n stampvol saal toegespreek, terwyl die partyvergadering nie eens 'n dosyn belangstellendes kon trek nie. Op Bethlehem het die oorvolle saal ook van daadkragtige geesdrif getuig teenoor die skamele opkoms van nouliks 'n paar dosyn op die Partyvergadering.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

GEBRUIK

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van*

LEVER BROERS.

# O.B.-Laertrekking op Potchefstroom

Op 25 September het die drie mans-kommando's, die twee Jeugfront-veldkornetskappe (seuns) en die mans-ongevalllediens-afdeling van Potchefstroom op die plaas van komdt. N. J. Smith uitgekamp tot die volgende middag. Waarn. genl. D. du Toit het die bevel gevoer.

Die dissipline van die kamp was uitstekend en die geesdrif en belangstelling in die verrigtings was besielend. Die Ongevalllediens-afdeling het sy teenwoordigheid laat voel deur van die begin af strenge maatreëls te neem i.v.m. kamphigiëne, wat beslis opvoedkundige waarde gehad het.

Die verrigtinge is ingelei na die aandete deur 'n godsdiensoefening gehou deur veldprediker komdt. ds. Worst.

Genl. Du Toit met sy droë humor en warme O.B.-geesdrif het daarna gepraat en beklemtoon dat die kamp hoofsaaklik bedoel is om die dissipline te verstewig, om beleidsake van die O.B. te behandel en om mekaar beter te leer ken. Hy het o.a. ook 'n besielende boodskap van genl. Labuschagne voorgelees wat ongesteld is.

Genl. Du Toit het met dankbaarheid daarvan melding gemaak dat twee verdienstelike Potchefstromers bevorder is tot lede van die Grootraad, nl. hoofgenl. prof. A. J. H. van der Walt en prof. L. J. du Plessis.

Komdt. prof. D. J. van Rooy het kortliks oor dissipline gespreek en hom veral tot die studentekommando en die Jeugfront gewend.

Die toesprake is afgewissel deur gemeenskaplike volksang.

Mnr. J. J. Piek, stafhoof van die Dienslaer, het gespreek oor die plek van die landbou in ons Toekomsstaat. Met besondere belangstelling het die kommando's na sy oortuigende rede geluister. Elkeen het besef dat hy uit hierdie uiteensetting baie meer lig gekry het en dat die O.B. deur aan sodanige vraagstukke sy aandag te wy, uiters belangrike volksdiens verrig.

Hoofgenl. ds. S. J. Stander het op sy gevatte wyse die kommando's met die O.B.-ideale besiel en mnr. Piek bedank.

Na verdere volksang het hoofkomdt. prof. H. G. Stoker op bevatlike wyse die verskil tussen demokrasie en gesagstaat verduidelik deur eersgenoemde met 'n vereniging te vergelyk en laasgenoemde met 'n gesin. Hy het aangetoon dat die O.B.-beleid 'n eie standpunt inneem, Calvinisties van aard.

Met waardering en toejuiging het die kommando's van genl. Du Toit verneem dat veldkt. prof. Eiselen tot kommandant van die Ongevalllediens-afdeling bevorder is, 'n welverdiende onderskeiding. Op versoek het komdt. Eiselen met behulp van sy offisiere 'n paar baie interessante demonstrasies gegee wat besondere belangstelling geniet het.

Die kostelike nagereg kort voor middernag was die boeiende toespraak van die Uniale studieleier, prof. L. J. du Plessis, wat die partywese en die O.B.-ideaal vergelyk en vir die O.B.-toekoms nuwe geesdrif verwek het. Sy toespraak het gepak omdat hy op 'n besonder intieme wyse uit sy hart gespreek het.

Die volgende oggend om 6-uur het veldprediker-komdt. ds. J. V. Coetzee 'n kort godsdiensoefening gelei en na ontbyt is die kommando's vir landsdiens ingedeel. Die terrein wat deur die eienaar vir die jaarlikse Dingaansfeesviering geleen word, is deur die werksaamhede aansienlik verbeter. O.a. is 'n paar jukskeibane aangelê wat met gesamentlike spel in gebruik geneem is. Die jongspan het aan 'n skietwedstryd met windgewere deelgeneem.

Na 'n kort afskeidswoord deur komdt. Smith en 'n dankwoord deur komdt. Van Rooy is die verrigtinge met die sing van die volkslied afgesluit.

'n Spesiale woord van dank kom toe aan kwartiermeesters F. J. Jooste en P. P. du Plessis en hul helpers vir hul bekwame versorging van die kommissariaat en in besonder ook aan genl. Du Toit.


**SASBANK**

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 236.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.



**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Edms.)**

Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6306.



**Schoemannello-Drank**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemeng. de kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142. OUDTSHOORN.



**BROSJURE!!**

*PAS VERSKYN:*

IS DIT IN U BESIT?

***DIE OSSEWABRANDWAG VANWAAR EN WAARHEEN***

Die Ossewabrandwag beskou hom as die Soldatedom van die Republiek. As sulks wil hy voor die hele wêreld, vriend of vyand, beken vanwaar hy kom en waarheen hy marsjeer. Hierdie brosjure het sy ontstaan te danke aan die diepgevoelde behoefte van lede van die beweging om leiding oor kernvraagstukke te kry.

WORD PER POS NET IN GETALLE VAN 1 DOSYN OF MEER VERKOOP.

PRYS 12/- PER DOSYN (13/- posvry) KONTANT MET BESTELLING.

BY KAAPLANDSE HOOFKWARTIER TE KOOP TEEN 1/- PER EKSEMPLAAR.

***Die Toekomstige Ordening van die Volks-Beweging in Suid-Afrika***

*deur Dr. P. J. MEYER.*

Hierin word die TAAK, die WESE en die TOEKOMS van die VOLKSBEWEGING IN SUID-AFRIKA behandel.

WORD PER POS NET IN GETALLE VAN 1 DOSYN OF MEER VERKOOP.

PRYS 6/- PER DOSYN (6/6 posvry) KONTANT MET BESTELLING.

BY KAAPLANDSE HOOFKWARTIER TE KOOP TEEN 6d. PER EKSEMPLAAR.

BRANDWAGTE U HET HIERVOOR GEWAG!!

ELKE BRANDWAG BEHOORT HIERDIE BROSJURE TE BESIT!!

*BESTEL VAN OF KOOP BY:—*

**O.B.-HOOFKWARTIER**

GROOTE KERKGEBOU 916 - - - - ADDERLEYSTRAAT - - - - KAAPSTAD.

## OPROEP OM DROËVRUGTE VIR GEÏNTERNEERDES

Onderstaande oproep is van die Vrystaatse hoofkwartier afkomstig:

Ons volksgenote in die interneringskamp te Koffiefontein moet baie dinge ontbeer wat ons as 'n vanselfsprekende deel van ons daaglikse bestaan aanneem. O.m. mis baie van hulle die groente en vrugte wat so volop op ons tafels elke dag verskyn.

Dit pas ons dus om te help waar ons kan om die eentonigheid van hul daaglikse diëet te probeer afwissel. Een manier waarop dit gedoen kan word is deur hulle van droëvrugte te voorsien. Waar ons droëvrugte het om aan te stuur, laat ons dit sonder versuim doen. Dit sal maar net 'n klein blyk van erkentlikheid wees teenoor diegene wat alles veil gehad het vir die saak van die Afrikanerdom.

U bydrae moet gestuur word aan genl. J. J. Lubbe, Leeukuil, Petrusburg.


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkooptse manier om u sukses in die lewe te verseker.

*MEER AS 200 KURSUSSE*

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in.........

Naam:.........

Adres.........

(O.B. 21 Okt. 1942) .........

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

Voortrekkergebou 318, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG.

Posbus 3512. Foon 22-3512.


# *Geesdrif in Smalle Oggendure: Mense Wag Tot Middernag op K.G.*

'n Treffende voorbeeld van die geweldige geesdrif wat in O.B.-kringe heers, is verlede week op Beaufort-Wes verskaf toe die Kommandant-generaal na middernag Maandagaand 'n stampvolle stadsaal toegespreek het. So vol was die saal dat talle persone nie plek kon kry nie en buite in motors gesit het.

Die K.G. sou die aand om 8-uur 'n vergadering toespreek, maar weens moeilikhede langs die pad met sy motor en vol riviere is hy so vertraag dat hy eers om twaalf-uur die nag in die dorp aangekom het. Reeds om 5.30 die vorige middag het 'n dertigtal motors hom ingewag.

Om agtuur het die mense by die stadsaal verneem dat hy nie voor 11-uur sou aankom nie. Dit het hulle geensins ontmoedig nie, en hulle het bly wag. Nadat verskeie plaaslike sprekers opgetree het, is die vergadering later verdaag tot middernag en om halftwee die oggend het die geesdriftige skare na die toespraak van dr. Van Rensburg geluister.

## VREEMDE ONKRUID OP EIE BODEM

(,,TUINIER")

Tuinier voel vandag sommer weer vol moed. Nog gister was die volksakker so vervuil van die kakiebos dat dit feitlik 'n onbegonne taak was om dit te probeer uitroei. Want, is besef, om net bolangs te skoffel help niks nie. Dit sal met wortel en tak uitgeroei moet word. Maar nou het daar hulp opgedaag uit 'n oord vanwaar dit geensins verwag is nie. Vandaar die nuwe moed.

Die Republikeinse **Gesagstaat**, wat, soos Tuinier al oor en oor tot die besef van 'n ieder en 'n elk probeer bring het, die enigste kragtige middel sal wees om die volksakker geheel en al te suiwer van die verderflike liberalistiese invloede van die demokrasie (dit het net soos die kakiebos as 'n vreemde onkruid op ons eie bodem wortel geskiet), het in wyer kringe as die Ossewabrandwag erkenning gevind. In 'n artikel opgestel deur dr. P. J. S. de Klerk, en uitgegee deur die organiserende sekretaris van die Nasionale Jeugbond (die jeugvertakking van die H.N.P.) in Transvaal, word 'n gesagstaat ook as die enigste redmiddel uit die huidige politieke moeras voorgehou.

Hoewel hierdie eie boom (die Volkstaat of Gesagstaat) volgens dié voorstelling nog nie heeltemal van al die vreemde waterlote gesuiwer is nie — Tuinier skryf dit toe aan begripsverwarring — is daar tog genoeg bewyse dat die opvoedingswerk van die Ossewabrandwag ook in onverwagte boorde vrug begin dra. Daar is by voorbeeld nog waterlote soos ,,demokratiese gesagstaat" (hoe die twee nou eintlik met mekaar te rym is, kan Tuinier as ,,kind in die politiek" nie juis begryp nie) ,,organiese demokrasie", ens. In elk geval, die stam is darem daar en weldra sal dit van al die vreemde uitspruitsels gesuiwer wees. Voorwaar stof tot dankbaarheid!

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**


*PAS VERSKYN!*

**DIE BITTER KELK**
*deur Mynhardt Fourie*
**Prys 6/- posvry**

'n Man ontdek dat sy vrou 'n minnaar het, en dan begin sy soektog na die persoon met wie sy hom bedrieg het: En in die soektog gebeur vreemde, aangrypende dinge in sy siel: Hy word 'n nuwe mens, en uit die wedergeboorte tree hy te voorskyn met 'n vreemde vrede in sy hart, en 'n kalmte wat bo alle hartstog verhewe is: Maar hierdie vrede bereik hy eers nadat sy siel deur 'n nag van angs en onheil gegaan het: Altyd is die vraag by hom: „Wie is die man wat sy liefhet?" En een oggend ontdek hy die identiteit van sy vrou se minnaar: U sal die verhaal van sy soektog stap vir stap volg, met ingehoue asem, totdat u van aangesig tot aangesig staan voor die onbekende man, en dan sal u die mistieke skoonheid en waarheid van hierdie boek begryp — U sal die bitter kelk van Brand se smaad en lyding saam met hom ledig, só intens, só oortuigend is hierdie boek geskryf; en aan die slot sal u saam met hom die hoë vrede, die oorwinning van die siel voel, oor alle hartstogte en alle smaad.

**VAN AANGESIG TOT AANGESIG**
*deur C. M. van den Heever*
**Prys 8/6 posvry**

Dis 'n moderne roman uit die lewe van 'n kleindorpse gesin. 'n Ontroerende beeld van 'n man wat eindelik van aangesig tot aangesig te staan kom voor die werklikhede van sy eie, gehuigelde lewe. Dis Van den Heever se grootste menseskepping — 'n Grootste Roman diep geput uit die polsende lewe.

'n Roman van C. M. v. d. Heever is altyd 'n literêre gebeurtenis van belang.

Hierdie werk bring sy kuns op 'n nuwe, hoër toppunt.

*Bestel van —*

**DIE KAPPIE BOEKHANDEL**

**Telefoon 33/6797 — DE VILLIERSSTRAAT 15 — Posbus 845**

**Johannesburg.**

Die O.B., WOENSDAG, 21 OKT. 1942.

# 'n Oorlogswending?

Die Britse pers het in die afgelope week groot voorrang verleen aan sekere berigte en sinspelings uit Duitsland wat daarop sou dui dat Duitsland tans van 'n aanvallende tot 'n verdedigende oorlog oorgegaan het. In hoever die berigte wat aan ons opgedis is deur Reuter steek hou met die juiste uitlatings van regeringskringe in Duitsland, sal niemand kan sê nie, en daarom sou dit dwaas wees om daarop alleen 'n oordeel te gaan vel oor die huidige oorlogstoestand.

Dit sou dus verkeerd wees om nou hiervan af te lei dat die Spilmoondhede uitgeput is en voortaan hul aandag uitsluitlik gaan wy aan die heropbou van Europese gebied wat in hul hande geval het. Dat Duitsland, en daarmee ook die hele Europa se toestand besonder sterk moet wees op ekonomiese gebied ná die reusegebiede en bronne wat in die afgelope jaar in Rusland verower is, ly geen twyfel nie; **maar om hierdie krag nou te gaan beskou as oorsaak van 'n verslapping in die Duitse oorlogspoging is om die Duitse daadkrag en ondernemingsgees met sy spreekwoordelike deeglikheid te onderskat. Eerder is die teendeel waar.** Dat Duitsland nie in staat is om tegelyk oorlog te voer en gebiede te ontwikkel nie, is 'n selfbedrog wat alleen Britte hulle aan skuldig kan maak. **Maar geen nugtere mens sal hom laat wysmaak dat Duitsland nou swakker is weens sy baie oorwinnings nie, en nog minder dat hy sal gaan stilsit in plaas van sy oorwinnings op te volg.**

**Die Oosfront.**

Wat wel waar is, is dat met die oog op die naderende winter en as gevolg van die verpletterende slae wat die Duitse leërs Rusland in die afgelope somer toegedien het, die bordjies aan die Oosfront tot so 'n mate verhang is dat dit Rusland is wat hierdie keer in 'n doodsworsteling met genl. Winter sal verkeer en nie Duitsland nie. Sover dit Rusland betref, kan die Duitse leiding met reg 'n statiese houding in die oorlogsvoering aankondig, want ná sy reusagtige militêre en strategiese verliese is Rusland as aanvallende mag beslis uitgeskakel en kan hy vir 'n groot deel aan sy lot oorgelaat word, solank die Spil net volhou om sy verbindinge met die buitewêreld af te sny. Indien daar in Berlyn sinspelings sou wees op 'n statiese oorlogsvoering, sou dit waarskynlik betrekking hê op die stryd in die Ooste wat deur die winter tot stilstand gebring word.

Indien dit nie so bedoel is nie, en die berigte van die demokratiese pers juis sou wees dat Duitsland aan die wêreld verkondig het dat hy van plan is om voortaan met gevoude hande te sit en wag op 'n „gelykop-uitslag" van die oorlog **en sodoende die gemoedere van sy eie volk en dié van die hele Europa te beswaar met die droewige vooruitsig van 'n gerekte oorlog oor jare met slegs 'n „gelykop" as die vrug van al die opoffering, kan ons aanneem dat die Duitse leiding daarmee meer in die skild voer as wat die demokratiese propagandiste daarin meen te ontdek.**

Dat dit die oortuiging by die Duitse opperbevel van 'n naderende breekpunt aan Geallieerde kant moontlik kan verraai, is nie uitgesluit nie. Die leidende staatsmanne aan demokratiese kant het in die afgelope dae hartroerende beroepe gedoen op eenheid en Churchill veral het beklemtoon dat verdeeldheid „'n dodelike gevaar" vir hulle op die oomblik is.

**Propaganda-set?**

Indien so 'n voorneme aan Duitse kant te kenne gegee is, kan dit bes moontlik bedoel wees om daardie verdeeldheid in Geallieerde kringe te probeer bewerkstellig wat die einde van die oorlog sal bespoedig. Dit kan gebeur deur van Duitse kant die indruk te skep dat Duitsland nou uitgeput is en voortaan slegs verdedigend gaan optree **juis op die tydstip wanneer Rusland besig is om wanhoopskrete uit te stuur oor die skepping van 'n tweede front.** Dit kan twee uitwerkinge hê. Eerstens kan dit die Geallieerde volke aanmoedig om hul regerings tot oorhaastige aksie aan te por — iets waarteen die bewindvoerders in Amerika reeds ten sterkste gewaarsku het en wat oorsaak was van hul verwyte aan Willkie se losse praatjies. **Sou die demokratiese regerings gehoor gee aan die druk van binne, kan so 'n oorhaastige optrede moontlik ly tot 'n katastrofale militêre ramp vir hulle en die oorlog beslis ten gunste van die Spil.**

In die tweede plaas, sou die regerings nie uitvoering gee aan die begeerte van die volk nie, sal die kommuniste in Engeland en Amerika dit beskou as 'n moedswillige versuim met die doel om Rusland in die steek te laat. **Word Rusland dan tot val gebring, of moet hy tydens die winter groot ellende verduur, sal dit 'n agitasie van kommunistiese kant veroorsaak wat moontlik die einde van die huidige demokratiese bewindvoerders kan beteken.**

Soiets sou ook in ons land sy gevolge laat voel. Eerstens sal dit die Regering ontneem van 'n sterk aanhang — ondersteuners wat weens gevoels-, geloofs- of militêre oorwegings tot die gevolgtrekking gekom het dat die oorlogskanse deur die bewindvoerders verspeel is. Tweedens kan dit so 'n verbitterde agitasie van die kant van die kommuniste, veral die gekleurdes, wat voel dat hul enigste hoop op oorwinning hulle ontneem is, uitlok dat die Regering sy bewind slegs met die sterkste dwangmaatreëls sal kan handhaaf. **In ieder geval sal daarmee dan ook die laaste sweem van parlementêre regering uitgewis en die hoop op enige verkiesing vir die duur van die oorlog vir goed beëindig wees.**

## BESKULDIGINGS EN FEITE

Op Vrydag 14 November 1941 het dr. D. F. Malan die volgende by geleentheid van 'n vergadering op die Paarl gesê: „As daar sake voor die howe kom, **sê die hoofde dat hulle daar niks mee te doen het nie. Dis niks anders as die lede van die Ossewabrandwag en die volk op 'n dwaalspoor bring, mislei en bedrieg nie."**

Dr. Van Rensburg o.a. op 19 Augustus 1942 te Kaapstad: **„My simpatie is aan die kant van die beskuldigdes, EN AS HOOFOFFISIER VAN DIE S.J.'s vra ek geen verskoning vir hulle nie. Ek beskou hulle as die soldate van die Republiek."**

## VERBETERING

In ons uitgawe van 16 September is berig dat die kommando van George 'n skinkbord aan die K.G. as geskenk aangebied het. Genl. F. H. Robertson het onder ons aandag gebring dat die geskenk 'n O.B.-wapen van stinkhout was, ingelê met gekleurde hout, en dat dit deur die generaalskap van George geskenk is. Dit is 'n pragtige stuk werk vervaardig deur komdt. Gerber.

## NOG 'N ADVERTENSIE GEWEIER

'n Paar uitgawes van Die Burger kort voor die tussenverkiesing in Hottentots-Holland het 'n advertensie bevat van die H.N.P.-kandidaat, mnr. D. J. Kritzinger, waarin hy 'n sekere berig in Die O.B. ontken waarvolgens hy sou gesê het dat hy die stemme van O.B.-lede nie nodig het nie. Hy het verder 'n beroep gedoen op die persoon wat die inligting aan die O.B.-hoofkwartier verstrek het om te voorskyn te kom.

Na aanleiding hiervan het komdt. J. A. Strauss van Tiervlei 'n advertensie na Die Burger vir plasing geneem waarin hy bekend maak dat hy die persoon is aan wie mnr. Kritzinger dit gesê het en dat dit in teenwoordigheid van drie ander gesê is. Hy het bygevoeg dat hy graag met mnr. Kritzinger 'n onderhoud sal wil hê om sy geheue op te fris. **Hoewel komdt. Strauss vir die advertensie wou betaal, het Die Burger geweier om dit te plaas.**

## HOE GEWOEKER IS

'n Verslag van een van die Vrystaatse kommando's met nommer 5A8 en onderteken deur M. J. Jansen, maak melding van die volgende prestasies van vroue tydens die insameling vir 8 Augustus:

Aan veldkornette De Wet en Smit is elk 10/- gegee. Hulle het eiers gekoop en laat broei en die kuikens verkoop vir £3-15-9. Asst.-veldkt. Van Coller kry 2/6 en verkoop handwerk vir £2-2-0. Asst.-veldkt. Du Toit kry 2/6 en kook konfyt en verkoop dit vir 18/3. Asst. veldkt. Cloete kry 2/6, bak beskuit en verkoop dit vir 10/-.

Veldkte. Greeff kry 2/6, bak melktert en verkoop dit, neem geld en maak stoelkussings en verkoop dit vir £1-10-0.

Adjte. Serfontein kry 10/- en verkoop stoelkussing vir £4. Brandwag Van der Walt kry 2/6 en maak en verkoop teemussie vir £2-4-0.

Asst.-veldkt. Van Coller, korporale Coetzer en brandwag Coetzer kry elk 2/6. Hierdie drie vroue hou 'n klein funksie op die plaas en bring £6-2-0 byeen. Toe maak hulle nog handewerk en bring £4 in. **Met die 7/6 het die drie dames £10-2-0 byeengebring.**

## MOOI VOORBEELD VAN O.B.-VROU

'n Pragtige voorbeeld in verband met hulpverlening aan mede-volksgenote is gestel deur mev. M. E. van der Merwe, van Grootfontein, Middelburg (Kaap). Mev. Van der Merwe is 'n ywerige brandwag wat belowe het om maandeliks £3 by te dra tot die Noodhulpfonds vir die afhanklikes van geïnterneerdes. Tot einde van Oktober, toe sy £7 gestort het, het mev. Van der Merwe reeds altesame £54 10s. tot die fonds bygedra en om dit te kon doen, het sy verskeie geriewe in haar daelikse lewe moes prysgee.

VOLKSKAS IS U EIE BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA

Arbeidsaamheid
Die Volk se Bank.

Somerjassies
IN SY (uitgevoer)
en
SWAARLINNE,
is baie populêr
*Koop dit by*
Steyns
PAROW
Die Skiereilandse Moderne Afrikaanse Dames-Modiste

# Volle Aanvaarding van die Nuwe Wêreld-Orde Plig van Calvinis

## Heldere Uiteensetting deur Prof. Du Plessis

**Die standpunt van die Calvinisme in tye van wêreldomwenteling is in sy toespraak op 10 Oktober te Benoni op heldere wyse deur prof. L. J. du Plessis, leier van die Grootraad se studieafdeling, aan die hand van pres. Kruger as voorbeeld uiteengesit. Die Calvinis leef saam met sy tyd en aanvaar die nuwe, maar werk hervormend daarop in, het hy verklaar.**

'n Calvinis het in sy lewe twee groot rigsnoere wat sy doen en late bepaal, die een is die daad van God en die tweede die wet van God. Die eerste is gegee in die skepping van alle dinge na hulle aard, met die herskepping, en in die voorsienige bestuur van die skepping waardeur o.a. die verskillende volke in aansyn geroep is, en die verskillende tydperke van die wêreldgeskiedenis.

Die tweede is gegee in die Woord van God, die Heilige Skrif, soos verklaar deur ons belydenisskrifte, en in besonder in die Tien Gebooie. Die eerste of daadwerking van God moet die Calvinis eerbiedig en dankbaar aanvaar en hom daarna skik, so b.v. die verskille van die soorte, van rasse, van volke elk met 'n eie aard en bestemming, **maar so ook die verskille in die geskiedenis-tydperke en meer bepaald die oorgange van een tydperk tot 'n volgende, oorgange wat meesal die karakter van groot magsverskuiwinge en omwentelinge of revolusies aanneem.**

Dit is reeds dikwels gesê dat die Calvinis geen kontra-revolusionêr is nie, d.w.s. hy stel hom nie teen die groot omwentelinge wat God in Sy Alwysheid in die geskiedenis aanbring, met die doel om weer tot die ou toestand terug te keer nie. **Die Calvinis aanvaar steeds die nuwe tyd met sy nuwe gees en behoeftes en eise.**

Maar dit is nie die hele waarheid nie, want die Calvinis moet ook rekening hou met die wet van God, wat altyd in wese dieselfde bly, en elke daad en rigting en tyd moet hy daaraan toets en daarvolgens na die beste van sy vermoë bepaal en hervorm. Meer bepaald moet hy daarvolgens in elke tyd, ook in die revolusie, die sondige en ongoddelike teëwerk en probeer verwyder. Hy aanvaar die revolusie en die nuwe om dit te hervorm, nie volgens die oue nie, maar volgens die wet van God. In dié sin is hy altyd antirevolusionêr, d.w.s. teen die euwels van die omwenteling.

Dit alles is van besondere belang in die tyd waarin ons nou lewe, want ons beleef op die oomblik 'n wêreldrevolusie, 'n omkering van 'n verbygaande tydperk tot 'n nuwe tydperk, en dit is nie vir ons iets uitheems of vreemd nie. Want dit is in die hele wêreld aan die gang en ook in Suid-Afrika. Trouens in Suid-Afrika was ons eie Afrikaanse Volkswording as 't ware 'n voorspel van die volksontwaking in die hele wêreld. Dis nie verniet dat ons vryheidsoorloë en ons heldefigure die verbeelding van die wêreld so aangegryp het nie.

**Hierdie wêreldomwenteling kan in eenvoudige taal beskryf word as 'n oorgang van vryheid en gelykheid tot verantwoordelikheid en gesag in die samelewing.** Die verbygaande tydperk wat sy duidelikste uitdrukking gevind het in die Franse Revolusie, sy volmaking in die Britse liberalisme en sy doodlooppunt in die kommunisme, het ook Suid-Afrika en die Afrikanerdom, ook vir pres. Kruger, beheers in die 19de eeu. Hy het die vryheids- en gelykheidsbeginsel daarvan aanvaar en uit daardie beginsel sy volk se vryheidstryd gelei.

### PAUL KRUGER

Kruger het geglo in die vryheidsideale van sy tyd, die vryheid van die privaat persoon om sy lewe in te rig na eie smaak, die gelyke reg van almal om rykdom te versamel en met mekaar vir allerlei doeleindes te verenig, demokratiese volkswilregering en uitbreiding van die wêreldbeskawing. Daarom kon hy met sy tyd en sy volk saamwerk.

**Maar aan die ander kant het sy eerbied vir sy volk se eie Calvinistiese tradisie en vir die Woord van God self hom gedring om teen die euwels van sy tyd se liberalisme wat veral in die buiteland volgroeid geraak het, in verset te kom.**

**Teenoor die bandeloosheid van die private vryheid het hy op grond van Gods Woord die reël gestel: die ware vryheid luister na die wette. Teenoor rykdomversameling deur kapitalistiese uitbuiting het hy sy konsessiebeleid ontwikkel, om die kapitaal tot 'n mate in volks- en staatsdiens te stel. Teenoor die vryheid van vereniging en partyvorming en demokratiese massaregering het hy partyvorming terwille van volkseenheid beperk, gekleurdes en uitlanders van die stemreg uitgesluit, die volkswilopdrag beskou as 'n Goddelike roeping wat regeergesag gee volgens die Woord van God op die wortel van die Volkshistorie. En eindelik teenoor die denasionaliserende imperialisme wat die wêreldbeskawing sonder erkenning van die volksverskeidenhede wou uitbrei, het hy gestel die Goddelike onderskeiding tussen ras en ras en die Goddelike bepaling van elke volk se bestemming in die internasionale verband, soos uitgedruk in sy leuse: Afrika vir die Afrikaner!**

So was die groot Afrikaanse Calvinistiese Staatsman van destyds tegelyk modern in sy tyd en tog ook ten volle Afrikaner en Calvinis. Maar ons staan nou op die drumpel van die nuwe tyd, wat reeds deur ons volkswording vir ons voorberei is, waarheen ons volksgeskiedenis en ook ons volkshelde deurgaans gestreef het, die tyd van verantwoordelikheid en gesag. Dis nou nie meer die tyd van vryheid vir elkeen om te doen soos hy wil nie, van die gelyke reg van seggenskap vir almal nie. **Daardie tyd het doodgeloop. Nou is dit die tyd van verantwoordelikheid van elkeen vir almal, die tyd van gesagvoering van die in gesag gestelde oor die ondergeskiktes, die tyd van planreëling, orde en diens. En dit alles gekonsentreer om die idee van die histories gegroeide volkseenheid.**

Ook die Afrikanerdom het reeds hierdie tyd byna ongemerk binnegetree en al ons 20e eeuse staatsmanne het miskien onbewus aan die voorbereiding daarvan meegewerk. Genl. Botha het die fondament gelê deur die vereniging van Suid-Afrika, genl. Hertzog het daarop voortgebou deur die gelyke regte van die Afrikanerdom in die Verenigde Suid-Afrika te verseker, dr. Malan het 'n stap verder gegaan deur die politieke ideaal van die gelykgeregtigde Afrikanerdom, nl. die Republikanisme, op die voorgrond te stel as voorwaarde vir volkseenheid en dr. Van Rensburg het die ontwikkeling afgesluit deur Afrikaanse Republikeinse volkseenheid as grondwet op te stel teenoor die party-politieke verbrokkeling.

### STAATSMAN SE PLIG

**Hierdie nuwe tyd moet die Afrikaanse Calvinistiese Staatsman van vandag aanvaar as Goddelike beskikking en vervulling van sy volksontwikkeling. Ja, dit sou dwaas wees om dit as iets vreemds te verwerp, omdat dit toevallig in die buiteland vroeër tot duidelike openbaring gekom het.** Dit is nie iets vreemds of uitheems nie: dit is 'n wêreldbeweging wat ook al van die begin in ons eie volksgeskiedenis in wording was.

Die Afrikaanse Calvinistiese staatsman wat met sy tyd wil meeleef en daarop hervormend wil inwerk, sal hom nie kontrarevolusionêr daarteen stel nie. Maar sal die ideale van sy tyd gebruik om sy volksbestemming te verwesenlik, die ideaal van die diensplig van die private persoon teenoor die volksgemeenskap, die ideaal van die inskakeling van die volkstande in die volksgeheel elk op sy plek volgens sy diensbestemming, die ideaal van die gesag van die Volksowerheid om planmatig die nasionale eenheidsontwikkeling te lei, die ideaal van die inskakeling van die eie volk in die internasionale verband waarbinne sy bestemming verwesenlik kan word.

Maar dan sal hy ook kragtens die wet van God die euwels wat ook hierdie nuwe orde bedreig, op die basis van die nuwe tyd moet bestry en op daardie wordende nuwe orde hervormend moet inwerk volgens die Calvinistiese tradisie van sy volk en die Woord van God. Die euwels van die nuwe tyd sal egter anders wees as dié van die oue, en daarom sal ook anders teen hulle opgetree moet word.

Hierdie euwels sal waarskynlik wees verkragting van die persoonlike vryheid deur die opgelegde orde, miskenning van die selfstandigheid van die verskillende samelewingskringe, uitskakeling van alle volkskontrole oor die regeergesag, fnuiking van die eie volksbestemming deur die oorspanning van die daarom geskakelde internasionale orde.

Teen hierdie en dergelike euwels van die tyd moet die Afrikaanse Calvinistiese Staatsman van vandag ongetwyfeld optree. Maar hy moet dit doen deur die ewige Woord van God as maatstaf aan te lê aan sy eie tyd. **Hy kan dit nie doen deur te probeer vaskleef aan die wegsterwende wêreldorde nie. Hy kan dit doen in die gees van Kruger, d.w.s. op die wortel van ons volkhistorie en met die wet van God; maar hy kan dit nie meer doen met die beleidmetodes van Kruger, d.w.s. met die middels van demokratiese vryheid en gelykheid nie.**

### EWEWIGTIGE GRONDSLAG

Vandag moet uitgegaan word van die moderne idee van organiese volkseenheid met diensverantwoordelikheid en leiersgesag as noodsaaklike bestanddele. En op daardie grondslag moet dan aangetoon word dat daar 'n plek bly vir persoonlike vryheid volgens eie funksie in organiese onderlinge verband, vir volksinvloed op die volksowerheid volgens die verskillende vertakkinge en rigtinge in die volkslewe, vir nasionale selfstandigheid in volle medewerking met verwante moondhede tot die Christelike ontwikkeling van Afrika onder blanke voogdy.

Dit is die moeilike maar vrugbare taak van die Afrikaanse Calvinistiese staatsman van vandag. Kruger is daar nie meer nie, sy dade hoort tot die verlede. Maar die gees van sy beleid bly lewe en sal ook die man van die toekoms wat ons verwag, besiel en lei.

**Die hoofnadruk moet egter val op die vereiste van volle aanvaarding van die nuwe wêreldorde,** want daarin is die enigste waarborg geleë teen die gevaar wat ons ook nou bedreig deur die vooruitsig dat ook in Suid-Afrika soos in die buiteland die ou orde sal doodloop in sy gruwelike volheidsvorm, nl. die kommunisme. Alle tekens wys reeds daarheen en die kanse daarvoor word versterk deur die groeiende invloed in ons land van uitlanders en gekleurdes, wat alleen daarin 'n eenheid kan vind teen die kapitalistiese uitbuiting wat op hierdie wêreldoorlog uitgeloop het. **Teen hierdie afskuwelike gevaar kan ons alleen veiligheid vind in die aangryping van die nuwe ideale van volkseenheid, leiersgesag, gesagsverantwoordelikheid en diensplligting.** Hierdeur alleen kan die Afrikanerdom saamgebind word in 'n egte eenheid en by die saamgesnoerde Afrikanerdom kan ook die lotsverbonde assimileerbare uitlanders ingeskakel word deur die vooruitsig om self Afrikaners te word en Afrikanerbeskerming deelagtig te word teen die gemeenskaplike uitbuiter — die imperialistiese kapitalisme met sy onheilige bondgenoot die liberalistiese demokrasie. So sal Kruger se leuse: Eendrag maak mag! sy volle verwesenliking vind in die volkstaat van die toekoms.

116 Takke 44,000 Lede
AVBOB
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN

